# Die belang van onderrig in die beginfase van die kerk: Johannes Calvyn as kategeet in sy kommentaar op die Handelinge van die apostels

H.H. van Alten
Departement Ekklesiologie
Universiteit van die Vrystaat
BLOEMFONTEIN
E-pos: hhvanalten@vgkmaranata.org.za

**Abstract**

**The importance of education in the early stages of the church: John Calvin as catechist in his commentary on the Acts of the apostles**

*Part of Calvin's development as a catechist is his struggle against the Roman Catholic sacrament of confirmation ("Inst." 4.19.4-13). Confirmation is seen by Rome as the necessary addition to baptism. For Calvin, however, this sacrament is a man-made ritual that can not function as the Scriptural complement to baptism. According to him, catechesis is the most Scriptural complement to baptism. Indeed, in baptism one receives Christ and all his promises. No addition is needed, and therefore one is not half a Christian without the confirmation ("Inst." 4.19.8). What is needed, is that a person will get to know Christ and his promises. For that purpose catechesis (Christian education) is necessary, whereby children and young people are brought to confession of faith before the church ("Inst." 4.19.13).*

*Both Calvin's struggle against the Roman Catholic confirmation, and his accompanying emphasis on Christian education are discussed in several places in his commentary on the Acts of the apostles. Especially in two places (Acts 8:15-17 and 19:6) Calvin criticises the Roman Catholic confirmation as an invention of men. Against this he emphasises in his commentary the importance of catechesis – on the one hand as the task of*

*the officebearers, on the other hand as the task of individual believers and their families.*

**Opsomming**

**Die belang van onderrig in die beginfase van die kerk: Johannes Calvyn as kategeet in sy kommentaar op die Handelinge van die apostels**

*Deel van Calvyn se ontwikkeling as kategeet is sy stryd teen die Roomse sakrament van die vormsel (confirmatio; "Inst." 4.19.4-13). Laasgenoemde word deur Rome as noodsaaklike aanvulling by die doop beskou. Vir Calvyn is hierdie sakrament egter 'n mensgemaakte ritueel wat nie as die Skriftuurlike komplement tot die doop kan funksioneer nie. Vir Calvyn is kategese die mees Skriftuurlike komplement tot die doop. In die doop ontvang die dopeling immers Christus en al sy beloftes. Hierop is geen aanvulling nodig nie en die dopeling is daarom ook nie 'n halwe Christen sonder die vormsel nie ("Inst." 4.19.8). Wat wel nodig is, is dat die dopeling Christus en sy beloftes sal leer ken en glo. Daarvoor is kategese (Christelike onderwys) nodig waardeur kinders en jongelinge tot rekenskap van hulle geloof voor die kerk kan kom ("Inst." 4.19.13).*

*Sowel Calvyn se stryd teen die Roomse vormsel, as sy gepaardgaande beklemtoning van die Christelike onderwys word op verskeie plekke in sy kommentaar op die Handelinge van die apostels breedvoerig bespreek. Veral op twee plekke (Hand. 8:15-17 en 19:6) kritiseer hy die Roomse vormsel as 'n versinsel van mense. Daarteenoor beklemtoon Calvyn op verskeie plekke in sy kommentaar die belang van die kategese – enersyds as taak van die ampsdraers, andersyds as opdrag vir individuele gelowiges en hulle gesinne.*

## 1. Inleiding

Calvyn as kategeet en sy kommentaar op Handelinge – is dit 'n werkbare kombinasie? Sal 'n ondersoek hieroor die nodige oplewer om Calvyn as kategeet beter te leer ken? Na 'n ondersoek het geblyk dat dit meer as net 'n werkbare kombinasie is. Die resultate het gewys dat dit selfs 'n baie vrugbare kombinasie is.

Handelinge vertel ons immers van die begin en voortgang van die kerk van Christus.[1] Die ontstaan is, volgens Calvyn, te danke aan die leer van die evangelie, waarmee Christus vanaf sy hemelvaart

1 COR II/XII/1,12,1-3; só stel Calvyn dit ook in sy brief van 1 Augustus 1560 waarin hy die kommentaar aan Nicolas Radziwill opdra.

sy kerk vergader het: "Hoewel die Seun van God, voor sy vertrek uit hierdie wêreld, deur sy prediking 'n sekere kerk vergader het, was dit nogtans die beste vorm van die kerk wat toe begin het, naamlik dat die apostels, met krag vanuit die hoogte, begin preek het …"[2] Elders in sy *Argumentum* wys Calvyn ook op die belang van die preke van die apostels; in dieselfde asem noem hy hoe belangrik dit is dat ons sal verstaan hoe die kerk van Christus aanvanklik ontstaan het en hoe die apostels begin het om die evangelie te verkondig.[3]

Hieruit kan die konklusie, volgens Calvyn, getrek word dat Christus sy kerk begin vergader het deur middel van die verkondiging van die evangelie. Verkondiging en onderrig in die leer was gevolglik 'n spesifieke kenmerk van die eerste periode van die kerk, waarvan God vir ons 'n skildery behoue laat bly het in die boek Handelinge. Calvyn het die belang van hierdie onderrig deeglik besef, en in sy kommentaar op die boek Handelinge kom dit telkemale na vore. Dit kan dus gesê word dat hierdie kommentaar 'n vrugbare bodem is om Calvyn as kategeet beter te leer ken.

In wat hierna volg, sal eers gekyk word na Calvyn se visie op die doop en handoplegging in sy kommentaar op Handelinge (in die konteks van die Roomse vormsel of *confirmatio*), aangesien dit 'n belangrike rol in sy visie op die onderrig speel. Daarna sal sy klem op die onderrig sistematies belig word.

## 2. Doop en handoplegging

Wanneer oor Calvyn as kategeet gepraat word, moet daar ook iets oor sy visie op die vormsel (*confirmatio*) gesê word. Sy visie hierop is medebepalend vir die klem wat hy op die onderrig/kategese plaas.[4] In sy kommentaar op Handelinge bespreek Calvyn op verskeie plekke die gebruik van handoplegging as onderdeel van die Roomse sakrament van die vormsel (Hand. 6:6; 8:15-17; 9:12; 17; 13:3; 14:23; 19:6; 28:8).

2 COR II/XII/1,11,26-30.

3 COR II/XII/1,13,14-16.

4 Oor die *confirmatio* en hoe Calvyn daarteen skryf, vergelyk *Inst*. (4.19.4-13; vgl. ook Feld (2001) se inleiding in COR II/XII/1,XLI-XLII).

### 2.1 Handelinge 6:6; 13:3; 14:23

In al hierdie gevalle gaan dit oor handoplegging as wyding vir ’n spesifieke diens, gepaardgaande met gebed. Dit is nie verder relevant vir die onderwerp van die vormsel nie, en word daarom ook nie verder bespreek nie.

### 2.2 Handelinge 8:15-17

Hierdie gedeelte is Calvyn se eerste belangrike bespreking van die handoplegging as onderdeel van die Roomse sakrament van die vormsel.

Calvyn plaas klem daarop dat die Samaritane in hierdie gedeelte nie eers die Gees ontvang het by die handoplegging van Petrus en Johannes nie, maar alreeds by die doop deur Filippus (Hand. 8:12), “want óf die doop is sonder betekenis en sonder genade, óf dit kry al die krag wat dit het van die Heilige Gees.”[5] Wanneer Lukas dus hier praat van die handoplegging deur Petrus en Johannes, gaan dit nie oor die ontvangs van die algemene genade van die Gees waardeur God ons wederbaar nie, maar oor die besondere gawes waarmee God sekere mense in die begin van die verspreiding van die evangelie begenadig het, met die doel om aan die koninkryk van Christus skoonheid te verleen.[6]

Dit was egter slegs vir ’n tyd lank (*ad tempus*).[7] Die Papiste het verkeerdelik van hierdie tydelike teken ’n voortdurende wet (*perpetuam legem*) vir die kerk gemaak. Hulle het van die tydelike teken ’n algemene sakrament (*generale sacramentum*) gemaak. Volgens hulle bly elkeen wat hierdie sakrament nie ontvang nie, halwe Christene (*semichristianos*). Calvyn sê verder dat hulle die tydelike teken voortgesit het, terwyl hulle self erken dat die saak wat deur die teken aangedui is, alreeds tot ’n einde gekom het.[8] Daarom herinner Calvyn sy lesers daaraan dat die handoplegging ’n instrument van God was in ’n tyd toe Hy die sigbare genadegawes van sy Gees aan sy kinders gegee het. Aangesien hierdie rykdom sedertdien van die

5 COR II/XII/1,242,1-2: “Atqui, vel inanem et omni virtute et gratia carere Baptismum oportet, aut a Spiritu sancto habere, quicquid efficaciae habet.”

6 COR II/XII/1,242,11-12. Calvyn noem dit in *Inst*. 4.19.6 “sienlike en wonderlike gawes van die Heilige Gees”.

7 COR II/XII/1,242,21; sien *Inst*. 4.19.6.

8 COR II/XII/1,243,7-10.

kerk weggeneem is, is die gebruik van die teken nou nog, slegs ’n leë masker.[9]

## 2.3 Handelinge 9:12 en 17

In sy kommentaar op hierdie gedeelte wys Calvyn dat handoplegging vir twee doeleindes gebruik is, naamlik om die sigbare genadegawes van die Gees te gee, of om ’n man as bedienaar van die kerk te wy. Vir albei doeleindes lê Ananias in hierdie gedeelte sy hande op Paulus. Calvyn verwys sy lesers terug na hoofstuk 8 (vgl. 2.2) om te verduidelik wat dit beteken dat die gawes van die Gees deur handoplegging gegee word. Uit die feit dat Ananias die hande op Paulus lê, wys Calvyn hoe absurd die Papiste is wat handoplegging slegs tot die biskoppe beperk.[10]

## 2.4 Handelinge 19:6

Naas Calvyn se kommentaar op Handelinge 8:15-17 vind ons in hierdie gedeelte sy mees volledige behandeling en afwysing van die handoplegging as onderdeel van die Roomse sakrament van die vormsel.

Hy begin argumenteer dat die dissipels van Johannes nie vir ’n tweede keer gedoop is nie.[11] Lukas gebruik slegs die term *doop* om die ontvangs van die Gees mee aan te dui. Vervolgens druk Lukas dit wat hy kortliks aangedui het, duideliker uit deur te sê dat deur die handoplegging die Gees aan hulle gegee is.[12]

Calvyn is bereid om hierdie handoplegging ’n sakrament te noem, maar hy beskuldig die Papiste daarvan dat hulle hierdie tydelike sakrament ononderbroke naboots. Die genade wat deur die teken uitgebeeld is, was immers slegs tydelik, en daarom is dit pervers en belaglik om die teken te behou terwyl die waarheid alreeds weggeneem is. In die doop en die nagmaal sien Calvyn gawes van die Here waarvan ons mag geniet tot aan die einde van die wêreld.

---

9 COR II/XII/1,243,28; sien ook *Inst*. 4.19.13.

10 COR II/XII/1,275,24: “… qui solis Episcopis manuum impositionem asserunt”; sien ook *Inst*. IV.19.10.

11 COR II/XII/2,156,1-2.

12 COR II/XII/2,156,12-13: “… quod ergo propter brevitatem erat obscurius, Lucas melius exprimit et fusius explicat”.

Hierdie voortgaande sakramente moet egter nie met die tydelike sakramente verwar word nie.[13]

Calvyn het ’n hekel in die Papiste wat in die ou gebruik van die handoplegging – saam met hulle smerige olie – nie slegs ’n bevestiging van die doop sien nie, maar selfs ’n waardiger sakrament as die doop. Deur middel van hierdie sakrament word die gelowiges, wat eers slegs half volmaak was, heeltemal volmaak gemaak; en word húlle, van wie eers net die sonde vergewe is, gewapen vir die stryd. Calvyn noem hierdie gebruik ’n *execrabiles blasphemias*.[14]

## 2.5 Handelinge 28:8

Hier gaan die handoplegging ook gepaard met gebed. Calvyn sê in sy kommentaar op hierdie gedeelte dat Paulus deur middel van die gebed wys dat hy nie self die outeur van hierdie wonder is nie, maar slegs die bedienaar daarvan. Dieselfde geld vir die uiterlike teken: hierdie teken was niks anders as ’n plegtige ritueel van opoffering en aanbieding nie. Paulus bied hierdie man aan God aan, sodat God hom kan genees. Calvyn wys dus dat handoplegging nie ’n krag in sigself het nie, maar dat dit eerder ’n afhanklikheidsbetoon aan God is, sodat God die eer mag ontvang.[15] Dieselfde verklaring vind ons in *Inst*. 4.19.6, waar Calvyn sê:

> Ek dink nie dat daar in hierdie handoplegging ’n hoër geheimenis aanwesig is nie, maar volgens my vertolking daarvan het hulle hierdie soort seremonie gebruik om juis deur hierdie gebaar hulleself by God aan te beveel en die een op wie hulle hulle hande gelê het, as’t ware aan Hom te offer.

## 2.6 Opsommend

Vir die Roomse Kerk volg die vormsel op die doop – in die doop word die Heilige Gees gegee tot onskuld; in die vormsel tot vermeerdering van die genade; in die doop word ons wederbaar tot die lewe; in die vormsel word ons toegerus vir die stryd.[16] Die vormsel word dus gegee sodat die Christen die stryd kan voer. Dit

---

13 COR II/XII/2,156,21-30.

14 COR II/XII/2,157,1-5.

15 COR II/XII/2,305,6-9.

16 *Inst*. 4.19.8.

vind eers plaas op die leeftyd van redelikheid, ongeveer sewe jaar, en gaan gepaard met olie en handoplegging deur die biskop.

Calvyn daarenteen wys dat wie gedoop is Christus en *al* sy gawes ontvang; ons is nie halwe Christene sonder die vormsel nie. Inteendeel, in die doop kom *al* die beloftes van God na ons toe. Calvyn sê in *Inst*. 4.19.8:

> Is ons dan nie in die doop saam met Christus begrawe, en het ons nie sy dood deelagtig geword om ook deelgenote in sy opstanding te wees nie? Paulus vertolk hierdie gemeenskap met die dood en die lewe van Christus as *die afsterwe van ons vlees* en *die lewendmaking van die Gees* omdat ons ou mens gekruisig is sodat ons in 'n nuwe lewe kan wandel. Wat beteken om toegerus te word vir die stryd anders as juis dit?[17]

Dus, in die doop kry ons al God se beloftes, daar is nie nog iets ekstra nodig nie.

Daardie beloftes moet – uiteraard met verloop van tyd – geken, verstaan en geglo word. Dit is presies op hierdie punt dat Calvyn die belang van die kategese beklemtoon. Teenoor die vormsel stel Calvyn die onderrig in die leer van die Skrif. Hy sê in *Inst*. 4.19.13:

> Mag ons die gewoonte behou wat, soos ek geleer het, onder die kerk van ouds in swang was voordat hierdie ontydige masker van 'n sakrament ontstaan het – nie dat die vormsel moes wees soos hulle hulle inbeeld en wat nie sonder veronregting van die doop vermeld kan word nie, maar as kategese (Christelike onderwys) waardeur kinders en jongelinge rekenskap van hulle geloof voor die kerk kan gee.[18]

Die kategese word deur Calvyn aanvanklik veral as die taak van die ouers beskou, maar geleidelik groei die besef dat ook die kerk en selfs die owerheid, hierin 'n taak het. Ons sien hierdie verandering duidelik wanneer ons die Geneefse kerkordes van 1537 en 1541 met mekaar vergelyk. Een van die verskille tussen hierdie twee kerkordes is dat in dié van 1537 die volle nadruk val op die plig van die ouers, terwyl in die kerkorde van 1541 die taak van die kerk en die dienaars meer op die voorgrond tree (Van 't Veer 1942:44).

---

17 Vergelyk Romeine 6:4-6; Galasiërs 3:27.

18 Vergelyk ook *Inst*. 4.16.21.

# 3. Doop en onderrig

Calvyn se visie op die kategese/onderrig vind ons terug in sy kommentaar op Handelinge. Teenoor die bestryding van die Roomse vormsel, word die saak van die onderrig telkemale in 'n positiewe lig gestel. Vervolgens word die talle verwysings na kategese/onderrig sistematies weergegee.[19]

## 3.1 Gód onderrig ons

In die *Argumentum* tot sy kommentaar op Handelinge wys Calvyn op die waarde van die heilige geskiedenis (*sacrae historiae*) bo dié van die profane geskiedenis. Een van die waardevolle aspekte wat hy daarby beklemtoon, is dat God ons deur hierdie heilige geskiedenis in die geloof onderrig.[20] Alreeds op makrovlak is daar by Calvyn die erkenning dat dit Gód is wat sy volk onderrig. Hierdie erkenning kom op verskeie afsonderlike plekke in sy kommentaar op Handelinge na vore.

In sy kommentaar op Handelinge 22:3 sê hy byvoorbeeld dat wanneer ons ons aardse leermeesters erken, ons soveel te meer na Christus moet luister wat ons vanaf sy hemelse troon onderrig.[21] Hoe getrou en ywerig die aardse leermeesters ook al mag wees, dit sal alles nutteloos wees, tensy God hulle arbeid vanuit die hemel seën (kommentaar op Hand. 11:21). Ook by Handelinge 11:21 wys Calvyn dat die harte van mense in God se hand is. Die bedienaar moet daarom nie op sy eie vernuf en arbeid vertrou nie, maar sy arbeid aan die Here oorlaat.[22] In sy kommentaar op Handelinge 9:6 wys die reformator daarop dat God se gebruik van die diens van mense geen verhindering vir die evangelie is nie, aangesien die gesag en die krag nog steeds in Hom is.[23]

---

19 Ek het in hierdie ondersoek in die besonder gefokus op Calvyn se gebruik van die volgende Latynse begrippe: *instituo, -stituere, -stitui, -stitutum; institutio, -onis; doceo, docere, docui, doctum; disco, discere, didici; edoceo, edocere, edocui, edoctum*.

20 COR II/XII/1,11,9-14.

21 COR II/XII/2,216,4-6.

22 COR II/XII/1,340,10-14 & 17-19.

23 COR II/XII/1,269,5.

Tensy God ons innerlik deur sy Gees onderrig, sal die uiterlike leer die mens altyd koudlaat (kommentaar op Hand. 26:28).[24] Die leer (*doctrina*) sal geen resultate oplewer nie, tensy die Here sy krag in sy bedienaars na vore bring deur die verstand en hart van die hoorders innerlik te onderrig (kommentaar op Hand. 15:7).[25]

## 3.2 Deur sy Woord

Oor die wyse waarop God  onderrig, is Calvyn geensins onduidelik nie. Vir hom is God se Woord die enigste bron van onderrig (kommentaar op Hand. 17:2).[26] Sowel die een wat onderrig gee as die een wat onderrig ontvang, moet hulle daarom by die Skrifte hou. Om by die Skrifte te bly, is vir Calvyn dieselfde as om by God te bly, want die Skrifte kom uit God se mond.[27] In sy kommentaar op Handelinge 28:23 lewer hy ’n pleidooi dat dié wat begeer om die regte onderrig te gee, hulleself die grense sal oplê om niks te sê nie as slegs dit wat uit die suiwer fontein van die Skrifte kom.[28]

Hy sê wel, in sy kommentaar op Handelinge 18:25, dat aan die Woord ook die sakramente verbonde is. Die sakramente is egter nie ’n ánder bron van onderrig as die Woord nie, aangesien dit die geloof bevestig wat ons alreeds omhels het. Vir die sakramente om reg bedien te word, moet die stem van die hemelse Leermeester eers klink. Sonder sy lering is die sakramente nuttelose en dooie seremonies.[29]

Vanuit die beginsel dat die Woord van God die bron van onderrig is, is dit verstaanbaar dat Calvyn homself verset teen die duiwelse waansin van die Papiste wat beweer dat sekerheid nie uit die Skrifte verkry kan word nie, en dat dus aan die besluite van mense (die tradisie) vasgehou moet word. Die slotsom in sy kommentaar op Handelinge 17:2, wat lynreg teenoor die Roomse siening staan, is

24 COR II/XII/2,287,8-9: “… quia nisi intus docente eius Spiritu semper frigebit exterior doctrina”.

25 COR II/XII/2,36,5-7.

26 COR II/XII/2, 96,12-13.

27 COR II/XII/2,96,12-19: “… vel docendi vel discendi …”.

28 COR II/XII/2,312,4-5.

29 COR II/XII/2,149,13-21: “… sine qua inanis et mortua ceremonia foret”.

dat die geloof slegs gegrond kan word in die Woord van die Here en daarom moet ons in alle geskille slegs daaraan vashou.[30]

Behalwe dat die Woord die enigste *bron* van onderrig is, verskaf dit vir Calvyn ook die maatstaf vir die regte *metode* van onderrig. In sy kommentaar op Handelinge 20:20 roep hy elkeen op wat begeer om onderrig te gee, om dit só te doen dat die kerk daardeur opgebou word. Daarby behoort die Skrif, die norm vir alle vorms van onderrig, gebruik te word om die regte metode te vind.[31]

### 3.3 Noodsaak van onderrig

Vir Calvyn is goeie onderrig nie opsioneel nie, maar noodsaaklik. Juis in die lig van sy bestryding van die Roomse vormsel, kry hierdie noodsaaklikheid 'n ekstra klem. Niemand kan sonder onderrig in die ware leer tot Christus kom nie.

In sy kommentaar op Handelinge 17:4, is Calvyn gevolglik van mening dat Lukas onvanpas is wanneer hy die Grieke in Tessalonika "godsdienstig" noem. Dit wat hierdie Grieke gehad het, was slegs 'n ligte en verborge smaak van die ware aanbidding van God, wat ver verwyder is van die ware onderrig. Hoewel die Gees soms hierdie verwronge oortuiging van die heidene gebruik as 'n tree in God se rigting, het Calvyn die vaste oortuiging dat daar van geen godsdiens sprake kan wees sonder die ware lig van begrip nie.[32] Dit kom slegs deur onderrig, die onmisbare skakel op die weg van ongeloof tot geloof.

Wanneer Calvyn in sy kommentaar op Handelinge 9:36 die begrip *dissipel* of *leerling* (*discipulus*) bespreek, wys hy dat hierdie titel ons leer dat Christenskap nie moontlik is sonder die ware leer (*doctrina*) nie. Christus skryf aan sy dissipels onderrig in die ware leer voor, sodat Hy Meester van almal kan wees.[33] Daarom moet ons almal leerlinge word in die skool van Christus (kommentaar op Hand. 8:28).[34] Calvyn beskryf in beeldende taal die voordeel daarvan om

30 COR II/XII/2,96,32-34.

31 COR II/XII/2,179,2-5.

32 COR II/XII/2,99,17-20: "… ut nulla sit sine vera intelligentiae luce religio".

33 COR II/XII/1,287,1-3; vergelyk dieselfde in sy kommentaar op Handelinge 18:22.

34 COR II/XII/1,253,28-29.

deur die Seun van God geleer te word: "Dit is die hoogste lof, dit is die begin van 'n heilige lewe, dit is die wortel van alle deugde, om by die Seun van God die weg na die lewe en die ware lewe te leer" (kommentaar op Hand. 9:36).[35]

In sy kommentaar op Handelinge 22:3, waarin Paulus vertel hoe hy aan die voete van Gamaliël onderrig ontvang het, sê Calvyn dat daar niks is wat meer moeite in die kerk veroorsaak nie as ongeleerde mense. Daarom moet leerlinge bereid wees om aan die voete van hulle meesters te sit. Aangesien hulle nog geen sterk en gesonde oordeel besit nie, moet leerlinge al hulle sintuie op hulle meesters rig en van hulle onderrig afhanklik wees.[36]

Onderrig is dus nodig. Daarom erken Calvyn sonder moeite teenoor die Anabaptiste, in sy kommentaar op Handelinge 10:47, dat diegene wat vreemdelinge van die kerk is, eers onderrig moet word voordat die teken van aanneming (die doop) aan hulle gegee kan word – sonder dat hy daarmee die kinderdoop ondermyn (dit gaan in hierdie geval oor volwassenes).[37]

Onderrig is egter nie slegs bedoel vir dié wat nog tot geloof moet kom nie, maar ook vir dié wat reeds in die geloof staan. In sy kommentaar op Handelinge 11:23 wys Calvyn dat Barnabas se aanmoediging aan die gelowiges in Antiochië nie oorbodig was nie. Om te keer dat die ware leer wegvloei, is dit 'n vereiste dat dit deeglik vasgelê word in die harte van die gelowiges deur voortdurende aansporing.[38]

Om die noodsaaklike onderrig te gee – dít was die primêre taak van die apostels en hulle opvolgers. Ons merk dit in Calvyn se kommentaar op Handelinge 1:21 waar hy, in navolging van Petrus, wys dat die getuienis van die opstanding 'n uitstaande kenmerk van 'n apostel was. Daaruit trek Calvyn die konklusie dat apostelskap nooit sonder die verkondiging van die evangelie is nie. Die aanspraak van die Roomse biskoppe, naamlik dat hulle die opvolgers van die

35 COR II/XII/1,287,3-5: "Haec prima laus, hoc sanctae vitae initium, haec omnium virtutum radix, didicisse a Filio Dei, quaenam sit vivendi ratio et quae vera sit vita."

36 COR II/XII/2,216,1-3.

37 COR II/XII/1,329,5-8.

38 COR II/XII/1,341,30-32.

apostels is, is daarom volledig misplaas aangesien hulle nie die eienskappe van apostels vertoon nie.[39] Petrus lê homself en sy mede-ampsdraers die belangrike taak op om te onderrig; hy en die ander is verkondigers of getuies van die opstanding.[40]

In sy kommentaar op Handelinge 5:32 verklaar Calvyn dat die apostels gespreek het soos wat God hulle opgedra het. Hiertoe is hulle geroep en hulle kan hierdie noodsaaklikheid om te onderrig (*docendi necessitatem*) nie ontwyk sonder om daarmee God te weerstaan nie.[41]

### 3.4 Menslike instrumente

Vir die ware onderrig deur die Woord maak God gebruik van menslike instrumente, aldus Calvyn. Hoekom nie van engele nie? – dit is Calvyn se vraag in sy kommentaar op Handelinge 10:5. Die godspraak aan Cornelius sou immers baie meer gesag gehad het wanneer engele dit gebring het, as wanneer sterflike mense die evangelie gebring het.[42] Volgens Calvyn se kommentaar op Handelinge 9:6 begeer alle mense dat die engele na hulle aangevlieg sal kom, of dat die hemele elke nou en dan oopgesny word sodat die sigbare heerlikheid van God daarvandaan kan neerdaal.[43] Maar tog was dit God se besluit om die diens van die prediking van die evangelie aan die kérk toe te vertrou, en daarom het die engel in Handelinge 10 teruggestaan sodat Petrus die amp kon vervul wat deur Christus aan hom opgedra is.[44]

Calvyn bestee by bogenoemde twee plekke (Hand. 9:6 en 10:5) heelwat tyd daaraan om die lesers van sy kommentaar daarop te wys dat ons God se gebruik van menslike instrumente nie moet verag nie. Hy stem saam dat dit absurd lyk dat Christus, wat die Ewige Wysheid van God is, 'n leerling (Ananias) na Saulus sou stuur om hom te leer. Maar daardeur word aan Paulus en ons

39 COR II/XII/1,42,4-7.

40 COR II/XII/1,42,10-12: "… sed interea docendi necessitate se et collegas adstringit Petrus".

41 COR II/XII/1,155,34-35.

42 COR II/XII/1,299,16-19.

43 COR II/XII/1,269,24-25.

44 COR II/XII/1,299,21-23.

nederigheid geleer.[45] Elkeen wat ’n dissipel van Christus wil wees, moet aandagtig en gewillig na die uiterlike stem van mense luister, omdat Christus dit as instrument wil gebruik om ons geloof dááraan te verbind.[46]

Calvyn het in sy kommentaar op die boek Handelinge enersyds ’n oog vir die menslike instrument van die amp, veral die amp van die apostels, en andersyds het hy ’n oog vir die instrumente van die gesin, die gesinshoof en die staatshoof.

### 3.4.1 Die amp van die apostels

Uit die aard van die boek Handelinge ontvang die apostels by Calvyn groot aandag. Hulle is immers diegene wat deur die Here gestuur is om aan die eerste gelowiges die weg tot verlossing aan te wys (kommentaar op Hand. 2:38; vgl. ook Hand. 1:8).

Maar in ooreenstemming met sy erkenning dat dit in die eerste plek God is wat die gelowiges onderrig, stel Calvyn dat die apostels self ook onderrig moes word. In sy kommentaar op Handelinge 1:2 wys hy dat hulle as Christus se gesante onderrig moes word, sodat hulle nie hulle eie menings sou deurgee nie, maar getrou sou oordra wat deur hulle hemelse Meester aan hulle toevertrou is.[47] Voordat die apostels dus aan ander onderrig kon gee, moes hulle eers self onderrig word (kommentaar op Hand. 1:3).[48] Die noodsaaklikheid hiervan blyk duidelik uit die vraag van die apostels in Handelinge 1:6: “Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?” Calvyn wys in sy kommentaar op hierdie gedeelte dat Jesus hierdie vraag in sy geheel afwys. Dit was blote nuuskierigheid van die apostels om te wil weet wat die Meester vir hulle verborge gehou het. Om werklik toegerus te word vir hulle taak, moes die apostels eerder soveel moontlik leer wat die Meester hulle onderrig het.[49]

Die onderrig van die Meester het egter nie sonder praktiese oefening gepaard gegaan nie. Calvyn sê daarom in sy kommentaar op Handelinge 1:4 dat die apostels tydens Jesus se lewe op aarde

45 COR II/XII/1,269,6-8.

46 COR II/XII/1,299,25-27.

47 COR II/XII/1,18,7 & 19-21.

48 COR II/XII/1,19,21-23.

49 COR II/XII/1,25,14-16.

alreeds die opdrag gekry het om te onderrig (vgl. Matt. 10:7), as ’n soort toegangspoort tot die apostelskap.[50]

Die hooftaak van die apostels was dus om onderrig te gee. Daarom weier hulle, volgens Calvyn in sy kommentaar op Handelinge 6:2, om die taak van die versorging van die armes ook op hulle te neem. Indien hulle dit wel sou doen, sou hulle aandag afgetrek word van hulle eerste opdrag, naamlik om onderrig te gee.[51] Hierdie opdrag was vir die apostels so gewigtig, dat hulle in Handelinge 4:20 teenoor die Joodse Raad bely dat dit vir hulle onmoontlik is om nie te spreek oor wat hulle gesien en gehoor het nie. Hieruit lei Calvyn af dat almal wat tot die amp van onderrig geroep is, nie deur die dreigemente van mense verskrik moet word nie, maar dat hulle die amp wat deur God aan hulle toevertrou is, getrou moet uitvoer.[52] Paulus ontvang presies hierdie boodskap wanneer vir hom deur ’n gesig in Handelinge 18:9 gesê word: “Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie.” Volgens Calvyn, in sy kommentaar op hierdie gedeelte, is niks méér kontraproduktief vir die vrye verkondiging van die evangelie as die nood van ’n swak hart nie. Iemand wat hierdeur gehinder word, is nie ’n getroue en moedige bedienaar van die Woord nie. Vrees ontneem die verkondigers hulle stemme en bind hulle, sodat hulle nie vrylik kan spreek wat nodig is nie.[53]

Volgens Calvyn moes die onderrig van die apostels sowel in die openbaar as in die huise plaasvind. Christus het die apostels nie slegs aangestel om die kerk in die openbaar vanaf die preekstoel te leer nie, maar ook om na elke skaap afsonderlik om te sien (kommentaar op Hand. 20:20).[54]

### 3.4.2 Die amp van gesinshoof

Calvyn gee verder ook aandag aan die rol van die gesinshoof/ouers in die geloofsonderrig. In sy kommentaar op Handelinge 10, die gedeelte oor die hoofman Cornelius, wy hy die nodige aandag

50 COR II/XII/1,20,19-21.

51 COR II/XII/1,165,13-14.

52 COR II/XII/1,127,5-7.

53 COR II/XII/2,139,22-25 & 31-32.

54 COR II/XII/2,180,4-5.

hieraan. Volgens Calvyn (kommentaar op Hand. 10:2) het Cornelius, soos ’n goeie gesinshoof, sy gesin onderrig;[55] hy het hulle onderrig in die vrees van die Here. Dit is, volgens Calvyn, presies die taak van die gesinshoof om homself en sy gesin só aan die Here te heilig. Die gesinshoof kry die opdrag om sy gesin deur goddelike onderrig aan die Here te offer.[56] Cornelius het die seën van die Here ontvang, gesien in die lig van die feit dat sy vrou en kinders, diensknegte en diensmeisies hom daarin gevolg het. Ook in sy kommentaar op Handelinge 10:7 wys Calvyn op die beloning wat Cornelius ontvang omdat hy sy gesin onderrig het – hy het immers getroue en eerlike diensknegte gehad wat gewillig was om hom te dien. Die teenoorgestelde word ook deur Calvyn uitgelig: die Here straf dikwels meesters wat geen aandag aan die onderrig van hulle familie gee nie. Dit blyk uit die feit dat hulle hardkoppige en onbetroubare diensknegte ontvang.[57] Uit bogenoemde is dit duidelik dat die gesin (*familia*) vir Calvyn ’n wyer betekenis het as net die ouers en hulle kinders. Die *familia* dui vir Calvyn op die hele huishouding.

In sy kommentaar op Handelinge 16:15 wys Calvyn ook op die taak van die ouers, wanneer hy Lidia prys dat sy nie net haarself nie, maar haar hele huisgesin aan die Here opgedra het.[58] Volgens hom moet alle godvresendes hierdie begeerte hê. Daardie persoon wat oor sy vrou, kinders, diensknegte en diensmeisies wil heers sonder om aan Christus ’n plek in hulle lewens toe te laat, is onwaardig om ’n kind van God genoem te word. Elke gelowige moet egter sy huis só regeer en orden dat dit ’n spieëlbeeld (*imago*) van die kerk vertoon. Die gelowiges moet hulle daarop toelê om alle bygeloof uit hulle huise te weer, en om nie profane gesinne te hê nie, maar gesinne wat onder die vrees van die Here staan.[59]

---

55 COR II/XII,1,293,16.

56 COR II/XII/1,294,13-14 & 18-19: “… quam Deo consecrare nostra omnia ut nos ipsos ... quod familiam in Dei timore instituit”.

57 COR II/XII/1,300,29-35.

58 COR II/XII/2,78,1-2: “… quod suam familiam simul Domino consecrat”.

59 COR II/XII/2,78,1-7 & 13.

### 3.4.3 Die amp van staatshoof

In sy kommentaar op Handelinge 16:15 trek Calvyn dít wat vir die gesinshoof geld ten slotte ook nog deur na die staatshoof, die prins. Aangesien dit die taak van die gesinshoof is om sy huis te onderrig, is dit soveel te meer die taak van die prins om daarvoor te sorg dat God se Naam in sy ryksgebied nie gelaster word nie.[60]

In bogenoemde sien ons dieselfde elemente as wat in Calvyn se kerkordes rakende die kategese te vind is. Die verskillende sfere van die lewe kry elkeen hulle eie taak in die onderrig van die gelowiges – die kerk, die huisgesin, die owerheid.

### 3.4.4 Onderlinge onderrig

Ten slotte kan ook nog gewys word op die aandag wat Calvyn aan die *onderlinge* onderrig gee. Ten spyte van die verskille wat daar tussen Aquila en Priscilla aan die een kant, en Apollos aan die ander kant bestaan het, is dit tog moontlik dat Aquila en Priscilla vir Apollos onderrig (kommentaar op Hand. 18:26).[61] Aquila en Priscilla onderrig Apollos in privaatheid (*privatim*), sodat hy, wat welsprekender was en die Skrifte beter as hulle kon gebruik, dit in die openbaar kon uitdra. Calvyn prys ook die nederigheid van Apollos dat hy bereid was om geleer en onderrig te word, nie slegs deur 'n ambagsman nie, maar ook deur 'n vrou. Hieruit lei Calvyn af dat die vrou nie so onkundig in die Woord van die Here was as wat die Papiste wil voorgee nie, aangesien dit duidelik is dat een van die groot leraars van die kerk deur 'n vrou onderrig is.[62] Vir Calvyn is die les hieruit: "... maar in verband met die totstandbrenging van die koninkryk van Christus is dit húlle, wat skaars soos geskikte bedienaars lyk, wat hom onder hande neem".[63]

## 3.5 Die leerling

Calvyn lê verskeie kere daarop klem dat mense gewillig moet wees om onderrig te ontvang. Hy prys Cornelius byvoorbeeld vir sy bereidwilligheid om te leer (kommentaar op Hand. 10:24). Hierdie

60 COR II/XII/2,78,16-17.

61 COR II/XII/2,150,9-23.

62 COR II/XII/2,150,19-20: "… unum ex primis Ecclesiae doctoribus".

63 COR II/XII/2,150,16-17: "… sed quo ad complementum regni Christi extremam ei manum apponunt, qui videri poterant non satis idonei ministri".

bereidwilligheid lei Calvyn af uit die feit dat Cornelius diegene wat hy na sy huis genooi het, sy *mede*-leerlinge (*condiscipulos*) noem. As hulle sy mede-leerling is, is hy dus self ook 'n leerling.[64]

Ook die hofdienaar van Ethiopië se gewilligheid om te leer, word deur Calvyn as 'n deugdelike houding aan sy lesers voorgehou. Die hofdienaar bely naamlik dat hy nie die gelese profesie se betekenis kan verstaan nie, tensy hy deur 'n leraar gehelp word; hy erken dat daar sekere gedeeltes is wat vir hom verborge sal bly, tensy hy hulp ontvang (kommentaar op Hand. 8:28).[65]

Calvyn raak hierdie saak ook aan in sy kommentaar op Handelinge 2:38. Daar wys hy dat gehoorsaamheid aan God se stem, sowel as aan diegene wat onderrig gee, voordeel inhou. Hy roep sy lesers op om hulleself aan die raad en gesag te onderwerp van diegene wat die Here gegee het om ons te onderrig, aangesien hulle die weg tot verlossing verkondig.[66]

Die bereidwilligheid om te leer, geld egter nie slegs vir die leerling nie, maar ook vir die onderwyser. Laat albei mekaar sodanig opbou, dat nóg die geleerde, nóg die ongeleerde, skaam is om tot orde geroep te word – dit is die oproep van Calvyn in sy kommentaar op Handelinge 10:24.[67]

Die gevolg van onderrig in die ware leer is dat mense hulself aan die Woord van God onderwerp. Calvyn wys dit op 'n besondere wyse in sy kommentaar op Handelinge 11:18. In hierdie gedeelte word Petrus krities ondervra waarom hy die heiden Cornelius gedoop het. Calvyn wys dat ons nie 'n probleem met die kritiese ondervraging hoef te hê nie, aangesien die resultaat van Petrus se verantwoording wys dat die ondervraging nie kwaadwillig bedoel was nie. Nadat die gehoor deur Petrus onderrig is aangaande die wil van God, het hulle hulself daarby neergelê.[68] Dit is die soort onderwerping aan die Woord van God waartoe alle Christelike onderrig streef.

---

64 COR II/XII/1,309,24.

65 COR II/XII/1,253,30-31.

66 COR II/XII/1,80,2-4.

67 COR II/XII/1,310,1-2: "... neque doctos, neque indoctos in ordinem cogi pudeat".

68 COR II/XII/1,336,26-27.

In sy kommentaar op Handelinge 28:6 wys Calvyn dat onderrig vervolgens ook tot belydenis behoort te lei. In hierdie gedeelte wonder die inboorlinge of Paulus 'n moordenaar of 'n god is, na aanleiding van die adder wat aan sy hand vasgebyt het. Volgens Calvyn sou Paulus eerder verkies het om as moordenaar gebrandmerk te word, as om die glorie van God vir homself toe te eien. Maar, sê hy, dit kan wees dat hulle, nadat hulle onderrig is, God as die outeur van hierdie wonder bely het[69] en dit is die antwoord wat die onderrig verwag.

## 3.6 Die *weg* van onderrig

Vir Calvyn is dit belangrik dat God nie alles in een keer aan sy leerlinge leer nie. Hy volg 'n geleidelike weg van onderrig. In sy kommentaar op Handelinge 9:6 sê hy dat God ons nie aan die begin of in die middel van ons weg van onderrig laat staan nie. Hy lei ons treetjie vir treetjie na die doel.[70] Op hierdie weg van onderrig moet ons eers die wysheid van die vlees agterlaat, voordat ons die beginsels van die evangelie kan leer (kommentaar op Hand. 17:18).

Calvyn wys verder dat in Handelinge altyd die *summa fidei* (hoofsom van die geloof) gegee word. Hy sê in die *Argumentum* tot sy kommentaar dat die toesprake van die apostels waardeur die geloofsonderrig hoofsaaklik plaasgevind het, vir ons 'n uiteensetting gee van die genade van Christus, van die hoop op die onsterflikheid, van die roeping van God, van die vrees van God en van ander hoofsake van die hemelse leer. Daarom hoef ons die hoofsom (*summa*) van die godsaligheid nêrens anders te soek nie.[71]

Die toesprake van die apostels gee dus, volgens Calvyn, die hoofinhoud van die leer weer. Dit wys enersyds op die belangrikheid van hierdie dele van die leer wat oorgedra word, maar andersyds wys dit ook dat dít wat oorgedra word slegs 'n samevatting is, 'n deel van die hele Raad van God (Hand. 20:27). Hierdie aspek kom op verskeie plekke in Calvyn se kommentaar na vore.

In sy kommentaar op Handelinge 8:32 sê Calvyn dat die Etiopiër deur God se voorsienigheid gelei is om juis hierdie gedeelte uit die

69 COR II/XII/2,303,16-17.

70 COR II/XII/1,269,1-2.

71 COR II/XII/1,13,9-12.

profesie van Jesaja te lees, sodat Filippus ’n beginsel sou hê waaruit hy die volledige hoofsom van die Christelike geloof kon aflei.[72]

In sy kommentaar op Handelinge 17:4 wys Calvyn dat selfs Paulus se uiteensetting van die Skrifte op *drie* agtereenvolgende sabbatte slegs ’n kort samevatting (*compendium*) van die hoofpunte was.[73] Desnieteenstaande het ’n groot menigte heidene op grond van hierdie samevatting tot bekering gekom. Die Jode wat deeglik in die hele leer onderlê was, het slegs enkele bekeerlinge opgelewer.

Ook in sy kommentaar op Handelinge 20:26 wys Calvyn dat hierdie gedeelte slegs die beknopte hoofsom van die regte en goeie onderrig weergee.[74]

Vir Calvyn is Christus die inhoud van bogenoemde *summa*. In sy kommentaar op Handelinge 8:35 sê hy dat wanneer Christus geken word, ons vasstaan in die hoofsom van die evangelie.[75]

In die praktyk het Calvyn en die ander reformatore gepoog om hierdie hoofsom saam te vat in die verskillende kategismusse wat in die tyd van die Reformasie ontstaan het. Veral Luther het in direkte aansluiting by die Vroeë Kerk die uitgebreidheid van die Christelike leer teruggebring tot drie hoofpunte: die *Apostolicum* (die Twaalf Artikels), die Onse Vader en die dekaloog; die sakramente het hierby ’n soort aanhangsel gevorm (Van ’t Veer, 1942:182-195). Calvyn het Luther se benadering in hoofsaak nagevolg.

Dit is belangrik om daarop te let dat Calvyn nie dieselfde betekenis aan die *summa fidei* geheg het as die Roomse Kerk nie. Die Roomse Kerk het ook ’n hoofsom gehad, maar hierdie hoofsamevatting (*fidei compendium*) was, volgens Calvyn, dat die gewone kerkvolk niks moes weet nie, behalwe om op die kerk se besluite staat te maak. Ons sien dit baie duidelik in sy kommentaar op Handelinge 15:30. In hierdie gedeelte lees ons dat Judas en Silas die menigte in Antiochië bymekaargeroep het om die besluite van die vergadering in Jerusalem aan hulle oor te dra. Dit is, volgens

72 COR II/XII/1,255,27-30: “Sciamus, non incidisse casu in hunc locum, sed mira providentia Dei id factum esse, ut thesin vel principium haberet Philippus, unde tota Christianismi summa apte deduci posset.”

73 COR II/XII/2,99,13-14.

74 COR II/XII/2,185,17.

75 COR II/XII/1,259,29-30.

Calvyn, die wettige metode, naamlik om aan die hele menigte kennis te gee van die besluite. Wanneer geleerde en godvresende manne oor 'n saak besluite geneem het, moet hulle aan die hele kerk bekend maak wat hulle uit die Woord van God afgelei het. Vir Calvyn is dit onvanpas om die kerkvolk van die leer van die Skrifte te verwyder, asof hulle 'n trop varke sou wees. Dit is die onding wat Calvyn in Rome raakgesien het, naamlik dat die kerkvolk onkundig gehou is en eenvoudig opgedra is om hulle op die besluite van die kerk te verlaat. So is die kerkvolk soos slawe onderdruk.[76]

## 4. Konklusie

Johannes Calvyn het die kerk van Christus in Genève gedien tydens 'n periode waarin die kennisvlak onder die kerkvolk baie laag was. In sy *Articles* van 1537 kla hy oor die "opmerklike ruheid en groot onkunde" in die families van Genève "wat onverdraaglik in die Kerk van God is".[77] As gevolg van die verwaarlosing van die Skrifte en die onderrig daarin deur die leiers van die kerk, was Calvyn van mening dat die gewone kerkvolk vatbaar was vir enigiets wat die predikante hulle geleer het, en dit het gelei tot die bygelowige aanbidding van God.

Vanaf die tyd van sy "skielike bekering tot leergierigheid" (*conversio ad docilitatem*), êrens tussen 1532 en 1535, het Calvyn geen moeite ontsien om die verwaarlosing van die goddelike leer en die interpretasie van die Skrifte deur sowel die predikante as die gewone mense in die kerk, aan te sny nie. Een van sy eerste aktiwiteite tydens albei periodes in Genève (1536-1538 en 1541-1564) was om 'n leerboek op te stel vir die onderrig van die kerkvolk. Uiteindelik sou Calvyn 'n groot deel van sy arbeid wy aan die opleiding van leiers vir die kerk, asook aan onderrig en opvoeding van die kerkvolk in die leer van die Skrif.

Teen hierdie agtergrond is dit nie vreemd dat Calvyn 'n besondere band met die boek Handelinge gevoel het nie. Daar was vir hom groot ooreenkomste tussen die tyd van Handelinge en sy eie tyd. Die onderrig wat in die beginfase van die Christelike Kerk moes plaasvind om Jode sowel as heidene die volheid van die Skrif te laat verstaan, was vir Calvyn 'n voorbeeld van wat in sy eie tyd moes gebeur om die kerk tot reformasie te bring. God se onderrig, deur

76 COR II/XII/2,60-61,29-30 & 1-6.

77 CO 10,13.

middel van veral die kerk (die apostels) en die gesin (die ouers), was onontbeerlik om jong gelowiges tot volwassenheid te bring. Vir Calvyn het dit dus nie gegaan oor die vormsel waardeur die doop tot kunsmatige voltooiing gebring is nie, maar eerder oor onderrig waardeur die dopeling geleer is om persoonlik op God se beloftes antwoord te gee.

## Geraadpleegde bronne

CALVIN, J. 1863-1900 [1531-1564]. Calvini Opera Omnia, *i.e.* Ioannis Calvini Opera Quae Supersunt Omnia, Vol. X Pars prior [= CO 10/1]. Ediderunt G[W]. Baum, E. Cunitz & E. Reuss. (*In* Corpus Reformatorum, Vol. XXXVIII.) Brunsvigae apud C.A. Schwetschke et Filium.

CALVIN, J. 1984-1992 [1559]. Institusie van die Christelike Godsdiens 1559. 4 Bande. (1559-Institusie.) In Afrikaans vertaal uit die oorspronklike Latyn deur H.W. Simpson. Potchefstroom: Calvyn Jubileumboekefonds.

CALVIN, J. 2001 [1552/1554]. *Commentarium in Acta Apostolorum, Liber Primus et Liber Posterior*. Edidit Helmut Feld. (Ioannis Calvini Opera Omnia: Denuo recognita et adnotatione critica instructa notisque illustrata, Series II: Opera Exegetica Veteris et Novi Testamenti, Volumen XII/I et XII/2. Auspiciis Praesidii Conventus Internationalis Studiis Calvinianis Fovendis ediderunt B.G. Armstrong, C. Augustijn, I. Backus, O. Fatio, H. Feld, F.M. Higman, W.H. Neuser, B. Roussel, W. van't Spijker & D.F. Wright). Genève, Droz, 2001. [= COR II/XII/1 & COR II/XII/2]

CO
*kyk* CALVIN, J. 1863-1900 [1531-1564]

COR
*kyk* CALVIN, J. 2001 [1552/1554]

FELD, H. 2001. Einleitung. *In: Commentarium in Acta Apostolorum, Liber Primus et Liber Posterior*. Edidit Helmut Feld. (Ioannis Calvini Opera Omnia: Denuo recognita et adnotatione critica instructa notisque illustrata, Series II: Opera Exegetica Veteris et Novi Testamenti, Volumen XII/I et XII/2. Auspiciis Praesidii Conventus Internationalis Studiis Calvinianis Fovendis ediderunt B.G. Armstrong, C. Augustijn, I. Backus, O. Fatio, H. Feld, F.M. Higman, W.H. Neuser, B. Roussel, W. van't Spijker & D.F. Wright). Genève, Droz, 2001. [= COR II/XII/1 & COR II/XII/2] S. XI-LXXXII.

VAN 'T VEER, M.B. 1942. Catechese en catechetische stof bij Calvijn. Kampen: Kok.

## Kernbegrippe:

Calvyn
Handelinge, kommentaar op
kategeet/kategese
onderrig
vormsel

**Key concepts:**

Acts, commentary on
Calvin
catechist/catechesis
confirmation
teaching